

# Die Lewende Kerk



## Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 19 November 2017*

*Baie Welkom by ons Erediens!*

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Joh 15: 1-17.

Fokus: Joh 15: 5.

**Bly in Christus vir 'n betekenisvolle vrugbare lewe.**

### **Omgee:**



- Pieter en Susan Le Roux is albei ontslaan uit Flora Kliniek en sterk tuis aan.
- Bettie van Bergen voel baie verswak en wag nog op uitslae van mediese toetse.

### **Offergawes:**

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

### **Afkondigings:**

- Gemeente-toerusting het laas Sondagmiddag afgesluit vir die jaar.
- **Kerkraadsvergadering** DV Dinsdag 21 Nov om 19h00 in die kuierkamer.
- **Oefentye vir die musikante en sangers by die Kerssangdiens:** Maandae, 6, 13, 20 November om 19:00 en op Saterdag, 11, 18 en 25 November om 09:00. Die kleedrepetisie is op Sondag, 26 November vanaf 15:00.

- **Tuingereedskap:** enige items wat jy nie gebruik nie, sal BAIE waardeer word! Gesels asb met Martin of kontak hom by 083 206 7483.
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Almanak 2018** – ons bestel net genoeg vir die lidmate wat betaal het. Koste beloop R 80-00 en is betaalbaar by Ankie.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – vandag vier ons Nagmaal saam met lidmate van Jabavu. Volgende Sondag DV is daar na die aand se Kerssangdiens verversings in die saal en dan skink al die groepe saam.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, [pieterankie@eject.co.za](mailto:pieterankie@eject.co.za) of sms na 072 651 8286).

## **Gebed** NB: GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00

**Help Gebed: Help** – *Is 'n noodsaaklikegebedvir my. Dit gebeur in tye wat jy nie weet waarheen nie en wat om te doen nie. Baie van die rekenaarprogramme het 'n help funksie en is noodsaaklik. Keer na binne en bid....help asb.... Soms in paniek! Somtyds is dit 'n sagte skietgebed. Neh.2 :4 Soms is dit 'n uitroep na God!*

“Ek kyk op na die berge. Kom my hulp daarvandaan ? Nee my hulp kom van die Here”. Psalm 121:1-2

God wat jou beproewing kon voorsien, het jou spesiaal toegerus om daardeur te kom, nie soder pyn nie, maar sonder smet. – CS Lewis

As God ons op klipperige paaie stuur, sal Hy ook goeie stapskoene voorsien. – Alexander MacLaren

### **Help gebed: Celeste**

Gebed is nie 'n opsie nie; vir die gelowige is gebed 'n opdrag. In 1 Tessalonisense 5:17 word ons aangesê: Bid sonder ophou en in Kolossense 4:2 moet ons: Volhard in die gebed.

Ons leer die kinders jy kan enige tyd, enige plek en vir enige rede bid. Ek het al talle kere ervaar hoe getrou die Here is, maak nie saak wat die omstandighede is nie. Of dit nou 'n vinnige skietgebed is, en of dit 'n lang, intense en dringende gebed is, die Here ken ons harte en omstandighede.

In elke situasie wat ek tot God om hulp geroep het, staan 'n gemene faktor uit naamlik vrede. In Fil. 4:6-7 staan daar: “Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.” Die eindresultaat wanneer ons “**vra**” is vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Soos die keer wat ons weg was met vakansie en my ma, wat op haar eie woon, nie haar foon antwoord nie. Na die tweede dag was ek **rasend van bekommernis**. Alle pogings om uit te vind wat aangaan het misluk. Ek het gebid en gebid en elke keer was die antwoord vanuit my diepste wese dieselfde: “Sy is veilig”. Ek het in die nagte wakker geskrik, baie benoud en het weer gebid. Oor en oor. God se vrede het elke keer deur my gevloei en elke keer was die antwoord dieselfde: “Sy is veilig”.

Groot was my verligting toe ek teen die derde dag 'n oproep van my ma kry; Sy is veilig.

Of soos die keer wat **ek 'n vinnige skietgebed** gebid het op pad skool toe. Daar was 'n situasie met 'n ouer maatjie en ek het net gevra dat die Here my dogtertjie moet beskerm. Weereens het 'n gevoel van vrede oor my gekom en die bekende Stem wat my die versekering gee Hy is met haar. En die Here het die situasie opgelos.

Ek het my motorsleutels in Cresta verloor. Ek het gebid en gebid terwyl ek soek na die sleutels en die Here het aangehou om vir my die versekering te gee my kar is veilig en ek sal my sleutels kry. **Vrede.** En ek het.

Een Maandagmiddag het ek besef ons geliefde gemmerkat is bitterlik siek en ek het die Here gevra wat nou. Die antwoord was duidelik en nie een wat ek wou hoor nie. Dit is tyd om te laat gaan, maar ten spyte van die hartseer het ek steeds vrede ervaar. Daar staan op 'n paar plekke in die Bybel dat God weerstaan die hoogmoediges, maar Hy ontferm Hom oor die nederiges van hart (Jak. 4:6; 1 Pet. 5:6-7). Om nederig te wees beteken nie om tevrede te wees met die minste of om 'n vloerlap te wees nie. Nederigheid beteken om totaal afhanklik van God te wees, om op Hom te vertrou vir alles, met die groot goed en die klein goedjies. Jy maak vir God saak en daarom maak elke situasie in jou lewe vir Hom saak. God het nie witbroodjies nie en wat Hy vir een van sy kinders doen, sal Hy ook vir 'n ander doen.

## Nuus #kinders

- Al die kinders is genooi om deel te neem aan die item op Sondagand, 26 November, tydens die Kerssangdiens. Gesels met Celéste of Ankie indien jy nog nie op die Kinderkerk whatsapp groep is nie.
- Na afloop van die Kerssangdiens is daar vir elke kind 'n pakkie met versnaperinge.



## Lekker verjaar ...! Verjaardae in die week:

19/11	CHRIS RAATH	079 888 6334	
19/11	GERT VAN BERGEN	079 568 3652	011 673 3813
24/11	ISÉBEL MACLEOD	076 371 7463	

## Mag die Here jou oorvloedig seën

### Spesiale eredienste:

- Ons vier vandag, 19 Nov, Nagmaal soos gebruikelik saam met lidmate uit GK Jabavu. Na die diens trakteer die diakens ons op 'n ligte ete.
- DV op **26 November om 18:30** vind ons jaarlikse Kerssangdiens plaas met die tema: *Joyous Celebration*. Nooi asseblief familie en vriende uit om te kom. 'n Vriendelike versoek is dat elkeen 'n klein geskenkie of donasie saambring na die geleentheid. Lees verderaan meer oor die projek vir kinders in een van die satelliethuse van Abraham Kriel Kinderhuis.

- Vanjaar is Kersdag op 'n Maandag en die kerkraad het besluit om die Sondag (24 Des) reeds die Kersdiens te hou. Daar is dus **nie op Kersdag 'n erediens by Bergbron** nie. NG Waterval en Greymont het wel 'n gesamentlike diens by Waterval om 08:00. Daar is ook op Kersdag 'n diens by GK Ontdekkers om 09:00.

## Die Lewende Woord vir Jou

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: Joh 15: 1-17.

Fokus: Joh 15: 5.

**Bly in Christus vir 'n betekenisvolle vrugbare lewe.**

### 1. In Christus is ons lewens betekenisvol vrugbaar.

- Die beeld van die wingerdstok en sy lote beklemtoon dat Christus in 'n hegte en intieme verhouding met sy kerk lewe.
- Deur sy Woord en Heilige Gees wil Christus die lewe van elke loot vernuwe om baie vrugte te dra.
- Vrugte van jou lewe in Christus is wanneer jy God verheerlik (vers 8) met 'n woord, gedagte of daad (Tit 3: 14). Dit is jou enigste permanente deposito in die hemel.

### 2. Bly in Christus.

- Sonder Christus kan ons nie vrugte dra nie.
- Baie mense bly nie in Christus nie want hulle lewens word gedryf deur skuldgevoelens, bitterheid, vrees, materialisme of 'n behoefte aan goedkeuring.
- Ons bly in Christus as sy hoofdoelwit van 'n liefdesverhouding met God, ons lewens dryf.

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:**

- Verduidelik hoe die beeld van die wingerdstok en lote van toepassing is op ons verhouding met Christus.
  - Wat beteken dit “om vrugte te dra”? Hoe gee “vrugte dra” aan jou lewe betekenis? Hoekom kan jy sonder Christus nie “vrugte dra” nie?
  - Hoe veroorsaak skuldgevoelens, bitterheid, vrees, materialisme en 'n behoefte aan goedkeuring dat ons nie in Christus bly nie?
- Op watter manier bly jy in Christus? Wat gaan jy prakties doen om in Christus te bly?



## SURVIVING THE HOLIDAYS

GRIEF SHARE

DATUM:  
25 NOVEMBER 2017

TYD: 9:00 – 12:00

PLEK: GKR RANDBURG

KONTAK ELSABÉ VIR  
MEER INLIGTING BY  
082 330 1648

R50 PER PERSOON VIR  
GRIEF SHARE  
WERKSBOEK



*Sien jy op na die Herdenkingsdae en Feestydperk wat voorlê? Is jy bang vir die alleenheid wat in die vakansie mag voorlê?*